TRANSFORMASIE van Saulus & Petrus

Σαῦλος Πέτρος

omgee

1) Gesels oor die feit dat Blancogemeente Vrydag 63 jaar jonk geword het.
2) Wat waardeer jy die meeste van Blancogemeente?
3) Sê as groep, sonder om te koekeloer, Handelinge 1:8 op.

aanbid

Bid saam

Sê dankie vir die Vader wat sorg, die Seun wat red en die Heilige Gees wat krag en inspirasie gee!

Handelinge 1:8

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld

leer Lees Handelinge 9:1-19 asook 2 Korintiërs 11:16-33 en bespreek die TRANSFORMASIE / METAMORFOSE in die lewe van Paulus.

Opsommend:

SAULUS

1. **Op die agtste dag besny.**
2. **'n Gebore Israeliet**
3. **Uit die stam van Benjamin.**
4. **'n Egte Hebreër!**
5. **Student van Gamaliël**
6. **Lid van die Fariseërs**
7. **Streng volgens Joodse wette geleef.**
8. **Fanatiese vervolger van die Kerk**
9. **Toekoms van erkenning en status verseker**

PAULUS

1. **Vyf X 39 houe**
2. **Drie X lyfstraf**
3. **Een X klippe gegooi**
4. **Drie X skipbreuk gely**
5. **Een X dag en nag oop see**
6. **Dikwels op reis en in gevaar: riviere, rowers, volksgenote, heidene; stad, veld; see en gevare onder vals broers.**
7. **Harde werk en swaarkry**
8. **Nagte sonder slaap skuiling**
9. **Honger en dors; bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes**

KRAG van die Heilige Gees
HANDELINGE
Die storie van die Kerk

Petrus het ook ‘n verstommende TRANSFORMASIE ondergaan: eerstens in Handelinge 2 met die uitstorting van die Heilige Gees en dan in Handelinge 10 toe die Gees hom oortuig dat die Goeie Nuus van Jesus ook vir nie-Jode is. Lees sy toespraak in Handelinge 10 vers 34 tot 44.

Hier’s ‘n opsomming van Petrus se transformasie:

→ Vloekende visserman → Vinnig-pratende dissipel

→ Verloënaar → Vergeefde

→ Rots → Geesvervulde Prediker

→ “Hoof-Indoena” → Huigelaar - **Galasiërs 2**
Paulus: “Jy wat ‘n Jood is, leef lankal nie meer soos ‘n Jood nie. Wie gee jou dan die reg om mense wat nie Jode is nie te dwing om allerhande nuttelose Joodse gebruike na te kom?”

→ Brugbouer → Martelaar

BELANGRIKSTE SLEUTEL TOT WARE TRANSFORMASIE:

2 Korintiers 3:18
Ons word al meer **VERANDER** om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Wie benodig jul as groep se bemoediging en ondersteuning in die gemeente? Maak op een of ander wyse kontak met die betrokke persoon en bemoedig hom of haar.

Sluit af deur die Onse Vader gebed hardop saam te bid:

ONS VADER WAT WOON IN DIE HEMEL,
GEHEILIG SY U NAAM,
LAAT U RYK KOM, U WIL GESKIED,
SOOS IN DIE HEMEL SO OOK OP DIE AARDE
GEE ONS VANDAG ONS DAG SE BROOD
EN VERGEEF ONS AL ONS SKULDE,
NET SOOS ONS VERGEWE
DIE WAT TEEN ONS SONDIG.
LAAT KOM ONS NIE IN DIE VERSOEKING,
MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE.
VAN U IS DIE RYK EN DIE STERKTE
EN DIE ERE,
VIR EWIG EN EWIG, AMEN. VIR EWIG EN EWIG, AMEN.